

God het vir ons iets beters voorsien (OP108)

Heb 11:32-40

13 November 2022

Vandag wil ek vir die laaste keer by Heb 11 stilstaan. Ons het oor die afgelope paar weke al heelwat uit hierdie hoofstuk geleer oor geloof. Uit die funksionele definisie van geloof het ons geleer dat geloof aan gelowiges sekerheid gee van die dinge wat hulle hoop, en dat dit vir hulle 'n bewys is van die dinge wat nie andersins gesien kan word as juis deur die geloof nie. Vanaf vers 4 het ons na verskeie voorbeelde gekyk waar geloof aan die werk was. Ons het gesien dat geloof gebou is op kennis – kennis van dit wat God geopenbaar het, en meer spesifiek dit wat God beloof het aan die gelowiges. Alhoewel daar baie dinge is wat God nie aan gelowiges geopenbaar het nie, hou hulle in die geloof vas aan die vervulling van God se beloftes. Hulle verstaan dat God se beloftes geleidelik in vervulling gaan, en daarom hou hulle hulle oë oop vir vordering in gedeeltelike vervullings om daardeur bemoedig te word. Intussen is hulle gehoorsaam aan God se wil, hulle lewe op so 'n manier dat hulle medewerkers word aan die vervulling van die beloftes. Hulle volhard in die geloof selfs al word hulle geloof van tyd tot tyd getoets. Steeds kyk hulle vorentoe na die volle vervulling van die beloftes. Hulle bely hierdie verwagting teenoor ander mense rondom hulle. Selfs al bereik hulle die punt dat hulle op sterwe lê, kyk hulle steeds vorentoe na die volle vervulling. Hulle verstaan dat die volle vervulling vir hulle beloning inhoud: die dood sal finaal opgehef word, hulle sal geregverdig wees en daarom hoef hulle nie God se finale oordeel te vrees nie. Hulle sal deel wees wanneer God se koninkryk in volheid gevestig word. Dit alles is moontlik, omdat God hulle God is – soos Hy beloof het.

Vandag wil ek stilstaan by Heb 11:32-40. Ek wil eers kortliks stilstaan by verse 32-38, waar die skrywer sy voorbeelde van Ou Testamentiese gelowiges afsluit, en daarna wil ek in meer detail stilstaan by verse 39-40.

Afsluiting van lys van Ou Testamentiese gelowiges (Heb 11:32-38)

Tot dusver het die skrywer na spesifieke insidente verwys wat in die lewens van sekere Ou Testamentiese gelowiges gebeur het. Hy het begin by Abel, en gevorder tot by die inname van Jerigo onder leiding van Josua. Lees vers 32. Die skrywer sê hy sou nog baie lank kon voortgaan om verdere insidente aan te haal. Hy sê hy sou kon vertel van Gideon, Barak, Simson en Jefta. Hulle was natuurlik almal rigters, wat opgetree het na die lewe van Josua na die inname van die land. Hy sou ook kon vertel van Dawid – natuurlik een van Israel se konings wat geheers het na die rigter-tydperk. Of van Samuel en die profete. Verskeie profete het opgetree tydens die konings-tydperk. In effek sê die skrywer hy sou van gelowiges reg deur die Ou Testament kon vertel oor hoe geloof in hulle lewens na vore gekom het. Maar die tyd ontbreek hom om in soveel detail in te gaan. Wat hy eerder doen, is om opsommend te praat oor die effek van hulle geloof in hulle lewens. Die opmerkings wat hy wel maak, bring twee aspekte na vore: (1) In die lewens van baie van hierdie gelowiges het hulle geloof tot gevolg gehad dat hulle tot die stryd toetree het, dikwels met groot sukses, en (2) in die lewens van ander gelowiges het hulle geloof tot gevolg gehad dat hulle volhard het in lyding. Kom ons kyk kortliks na elkeen:

- Geloof het baie gelowiges tot die stryd laat toetree, dikwels met groot sukses (Heb 11:33-35a): In verse 33-34 verwys die skrywer na verskeie insidente waar gelowiges deelgeneem het aan 'n stryd. Hy vertel sommige gelowiges het koninkryke verower, hulle het die bekke van leeu's toegestop, geweld van vuur geblus, hulle het die skerpte van die swaard ontvlug, hulle het oorlog gevoer. Hoekom het hulle hierdie dinge gedoen? Vers 33 werp lig hierop:

hulle het gedoen wat reg is. Dink maar aan al die oorloë wat Dawid gevoer het: Sy doel was om die beloofde land behoorlik in te neem, in lyn met God se beloftes. Dink maar aan Daniël in die leeu kuil, of aan sy drie vriende in die brandende oond – hulle was aan God meer gehoorsaam as aan die bevel van die koning. Hulle het daadwerklik opgetree ter wille van die eer van God deurdat hulle hulle beywer om God se beloftes te laat realiseer. Ons lees boonop dat baie van hierdie persone sukses behaal het: koninkryke is verower, beloftes is verkry, bekke van leeu is toegestop, vuur is geblus, krag is ontvang ten spyte van hulle swakheid, hulle het magtig geword. Vers 35 voeg selfs by dat vroue hulle dooies deur opstanding terug ontvang het – dink maar net aan die seun van die weduwee van Sarfat in die dae van Elia (1 Kon 17:17).

- Geloof het baie gelowiges laat volhard in lyding (Heb 11:35b-38): Vers 35b begin met die stelling: “ander weer....”. In wat hierna volg vertel die skrywer daar is egter ook ‘n ander realiteit: Ander gelowiges het baie lyding ervaar. Sommiges is gemartel toe hulle nie vrylating wou ervaar nie, ander is bespot en geslaan. Sommiges is geboei en in die gevangenis gegooi, sommige is gestenig of middeldeur gesaag of tereggestel. Hulle het rondgeswerf, behoeftig, verdruk, mishandel, sonder ‘n behoorlike heenkome. Hoe was dit moontlik vir hierdie gelowiges om staande te bly ten spyte van sulke erge lyding? Vers 35b gee vir ons ‘n aanduiding: sommige het vrylating geweier sodat hulle ‘n beter opstanding kon verkry. Hulle het ook daardie langtermyn visie gehad wat ons al by Abraham en Moses gesien het – hulle het ver in die toekoms ingekyk na die volle vervulling van God se beloftes – na daardie stad met die fundamente waarvan God self die argitek en boumeester is.

Let egter op wat aan die begin van vers 39 gesê word: “En hoewel daar oor al hierdie mense met lof getuig is,” Daar is met lof oor al hierdie gelowiges getuig. Wie is “al hierdie gelowiges”? Dit is al die gelowiges waarna verwys is sedert vers 4 – dit sluit Abel, Henog, Noag en al die ander wat bespreek is, in. Dit sluit ook die gelowiges wat toegetree het tot die stryd en wat sukses behaal het in die stryd in verse 33-35a. Dit sluit ook die gelowiges wat swaar lyding beleef het in verse 35b-38 in. Ja, daar is gelowiges wat ‘n menslik gesproke groot rol speel in die vervulling van God se beloftes – hulle voer stryd, hulle behaal oorwinnings, hulle het ‘n groot impak. Maar daar is ook gelowiges wat ‘n oënskynlik onbelangrike rol speel – hulle ly eensaam in ‘n tronk, of hulle word net eenvoudig tereggestel. Vergelyk byvoorbeeld die impak van iemand soos Noag of Dawid, met die oënskynlike klein impak van Abel wat in die geloof ‘n God welgevallige offer gebring het, en toe deur sy broer vermoor is. En tog ontvang hulle almal lof – want hulle almal het volhard in hulle geloof.

Van watter lof word hier gepraat? Ons kan op ‘n paar maniere hieroor dink: Hulle ontvang lof van God – immers word die geloofsoptredes van hierdie Ou Testamentiese gelowiges vir ons in die Ou Testament, wat God se Woord is, beskryf, en boonop word daar ook daarna verwys hier in Heb 11. Gevolglik praat ons ook met lof oor hierdie gelowiges. Maar dit strek verder as dit: In Rom 8:16 lees ons dat die Heilige Gees teenoor ons gees getuig dat ons kinders van God is – dit is tog lofwaardig as die Heilige Gees getuig gelowiges is kinders van God. Maar miskien is die heel kosbaarste getuienis die getuienis waarvan ons lees in Op 3:5 waar Jesus aan die gemeente in Sardis sê: “....Ek sal sy naam nie uit die boekrol van die lewe skrap nie, maar voor My Vader en Sy engele oor hom getuig”. Jesus getuig voor die Vader oor hierdie gelowiges dat hulle die mense is vir wie Hy volmaakte geregtigheid bewerk het, en dat hulle hierdie geregtigheid deelagtig geword het deur hulle geloof.

Die punt is dit: Dit is die teenwoordigheid van ware, volhardende geloof wat tot gevolg het dat gelowiges lof van God ontvang. Die manier waarop die geloof in die lewens van gelowiges voorkom, mag baie verskillend wees – maar as daar ware geloof is waarin die gelowige volhard, beteken dit dat hy geregverdig is deur sy geloof in die Seun van God wat ware versoening vir hom bewerk het,

en dan ontvang hy lof van God. Dit was selfs al waar van Ou Testamentiese gelowiges, en is steeds waar van Nuwe Testamentiese gelowiges.

Heb 11:39-40

Kom ons kyk nou in meer detail na Heb 11:39-40. Lees die verse.

Ons het alreeds na die eerste gedeelte van vers 39 gekyk. Ons het gesien dat die mense waaroor daar met lof getuig is, is die Ou Testamentiese gelowiges. Wat die verse dus sê, is: Die Ou Testamentiese gelowiges het nie die belofte ontvang nie, aangesien God iets beters vir ons voorsien het, sodat die Ou Testamentiese gelowiges nie sonder ons volmaak gemaak sou word nie. Hier is dus nog drie sake waaraan ons aandag moet gee as ons hierdie verse behoorlik wil verstaan: (1) Wat beteken dit dat die Ou Testamentiese gelowiges nie die belofte ontvang het nie? (2) Wat is die “iets beters” wat God vir ons, d.i. die Nuwe Testamentiese gelowiges, voorsien het? En (3) Wat beteken dit dat hulle, die Ou Testamentiese gelowiges, nie sonder ons, die Nuwe Testamentiese gelowiges, volmaak gemaak sou word nie?

Wat beteken dit dat die Ou Testamentiese gelowiges nie die belofte ontvang het nie? (Heb 11:39b)

Kom ons wees eerlik – dit klink ietwat vreemd as ons lees dat die Ou Testamentiese gelowiges nie die belofte ontvang het nie. Immers het ons die laaste tyd herhaalde male verwys na die beloftes wat God juis aan die Ou Testamentiese gelowiges gemaak het. Dink maar net aan Gen 3 se belofte van die komende Verlosser uit die nageslag van die vrou. Of dink aan die beloftes van God aan Noag na die sondvloed. Of dink aan die beloftes wat God aan Abraham gemaak het toe God Sy ewige verbond met hom gesluit het. Of die belofte van God aan Dawid dat daar altyd Een uit sy nageslag sal wees wat op die troon sal sit.

Let op, hier word spesifiek verwys na “dié belofte” – enkelvoud, ons moet dus ‘n spesifieke belofte in gedagte hê. Lees saam met my 2 Kor 1:20. Al is daar baie beloftes van God – hulle trek almal saam in Jesus. Soos die OAV dit vertaal: “Want hoeveel beloftes daar van God mag wees, in Hom (Jesus) is hulle ja en in Hom amen”. Dié belofte van God is die belofte van Sy Seun. Blaai saam met my na Hand 13. In vers 23 lees ons: “Uit hierdie man (d.i. Dawid) se nageslag het God vir Israel, in ooreenstemming met Sy belofte, Jesus as Verlosser voortgebring”. Hier het jy dit weer – God se belofte handel oor Jesus as die Verlosser. Ons lees ook verse 32-33: “En ons verkondig aan julle die goeie boodskap dat God die belofte wat aan die voorvaders gemaak is, vir ons, hulle kinders, vervul het deurdat Hy Jesus laat opstaan het....” Weereens lees ons van “die belofte”, en die inhoud van “die belofte” is Jesus se koms, dood en opstanding.

Maar nou kan jy sê: Heb 11:39 sê die Ou Testamentiese gelowiges het nie die belofte ontvang nie – terwyl Hand 13:32 spesifiek sê die belofte is aan die voorvaders, m.a.w. die Ou Testamentiese gelowiges, gemaak. Ja, dit is so. Maar die uitdrukking in Heb 11:39 kan op twee maniere verstaan word: óf hulle het nie die belofte ontvang nie, óf hulle het nie ontvang wat beloof is in die belofte nie, alhoewel hulle wel die belofte ontvang het. Laasgenoemde is die korrekte manier om vers 39 te verstaan. Die NIV vertaal dit met “none of them received what was promised”, die ESV vertaal dit met “they did not receive what was promised”. En dit is presies in lyn met wat Hand 13:32-33 sê: Vers 32 sê die belofte van Jesus se koms is aan die voorvaders gemaak, terwyl vers 33 sê dit is vervul vir ons, die kinders van die Ou Testamentiese voorvaders, m.a.w. vir ons, die Nuwe Testamentiese gelowiges.

In Mat 13:16-17 sê Jesus: “Maar gelukkig is julle oë, want hulle sien, en julle ore, want hulle hoor. Amen, Ek sê vir julle, baie profete en regverdiges (ons sou kon sê: die Ou Testamentiese gelowiges)

het begeer om te sien wat julle sien, en hulle het nie gesien nie, en om te hoor wat julle hoor, en hulle het nie gehoor nie.”

Die punt van Heb 11:39 is dus: Die Ou Testamentiese gelowiges het die belofte gehad van die komende Verlosser. Maar die Verlosser het nog nie gekom nie. Intussen het hulle egter geglo dat Hy wel sou kom – daarom het hulle toegetree tot die stryd en volhard in die geloof selfs ten spyte van erge lyding. Dit is hoekom daar met lof oor hulle getuig is – hulle het aan die belofte vas gehou, sonder dat hulle die vervulling daarvan beleef het, hulle het dit net in die geloof gesien.

Wat is die “iets beters” wat God vir ons, d.i. die Nuwe Testamentiese gelowiges, voorsien het? (Heb 11:40a)

Lees Heb 11:40. Ons lees hier God het vir ons iets beters voorsien. Wie is die “ons” waarvan hier gepraat word? Wel, dit moet tog in die eerste plek die Hebreërskrywer en sy lesers wees – en sy lesers was Christene uit die Jodedom, hulle was Nuwe Testamentiese gelowiges. Ons wat glo is ook Nuwe Testamentiese gelowiges. Die punt is dus: Hoewel daar met lof oor die Ou Testamentiese gelowiges gepraat is, het hulle nie die vervulling van die belofte oor die koms van Jesus beleef nie, want God het vir die Nuwe Testamentiese gelowiges iets beters voorsien.

Die vraag is nou: Wat is hierdie “iets beters” wat God aan die Nuwe Testamentiese gelowiges voorsien het? Om dit te begryp is dit nuttig om te gaan kyk na waar die Hebreërskrywer vantevore van iets “beter” gepraat het. Kom ons kyk na ‘n paar plekke:

- Heb 7:19 – Jesus is Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek wat beter is as die Levitiese priesterorde, daarom is die seremoniële wette met Sy koms opgehef, en daarmee saam het ‘n beter hoop aangebreek.
- Heb 7:22 – Jesus het borg geword van ‘n beter verbond; die beter verbond is natuurlik die nuwe verbond
- Heb 8:6 – Jesus is Middelaar van ‘n uitnemender verbond wat op uitnemender beloftes gegrond is
- Heb 9:23 – Die hemelse dinge moes deur beter offers gereinig word

Die Hebreërskrywer gebruik die woord “beter” om te verwys na daardie beter bedeling wat aangebreek het met die koms van die Seun – Hy is Hoëpriester van ‘n beter priesterorde, Hy bring ‘n beter offer, dit bewerk ‘n beter hoop, want Hy is die borg en Middelaar van ‘n beter verbond – die nuwe verbond. Wanneer het hierdie nuwe verbond in werking gekom? Juis met Jesus se koms. Op die aand voor Sy kruisiging het Jesus die nagmaal ingestel, en Hy het spesifiek na die beker verwys as “die nuwe verbond deur Sy bloed” (Luk 22:20). Dit was tóé dat Hy die beter offer gebring het, dat Hy die Middelaar van die beter verbond geword het, en dat die nuwe verbond in werking gestel is.

Ek het dit al verskeie kere in die verlede verduidelik, maar kan ek dit net kortliks weer verduidelik: God het na die sondeval ‘n ewige genadeverbond met die mens opgerig. Hy het beloof dat daar Een uit die nageslag van die vrou sou kom wat die kop van die slang sou vermorsel. Hy het aan Abraham verduidelik dat hierdie ewige genadeverbond daartoe sal lei dat baie uit die ware nageslag van Abraham sal deel in die genadeverbond en dat hulle die verwagting kan hê om in die beloofde land, d.w.s. om by God, te woon. Die manier waarop iemand deel kan word van hierdie verbondsgemeenskap is deurdat God dit uit genade aan hulle skenk wanneer hulle glo. Gen 15:6 leer spesifiek: Abraham het geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken. As die Nuwe Testament wil verduidelik hoe redding uit genade deur geloof werk, gryp dit dikwels terug na Abraham. Kyk byvoorbeeld na Romeine. In Rom 3:22 verduidelik Paulus dat God geregtigheid skenk as iemand glo in Jesus Christus. As hy dit nog meer prakties wil verduidelik in Rom 4:1-3 gebruik hy juis die

voorbeeld van Abraham. Die punt is: gelowiges uit die Ou en uit die Nuwe Testament word gered en word deel van God se ewige verbond deur geloof in Jesus Christus. Dit is hoekom Heb 11 talle Ou Testamentiese gelowiges gebruik as voorbeelde om ons te leer oor geloof.

Daar is egter 'n verskil in hoe hierdie verbond geadministreer is in die Ou Testament teenoor die Nuwe Testament. 'n Verskil in administrasie was nodig want in die Ou Testament het Jesus nog nie gekom nie. Ou Testamentiese gelowiges het nog gewag op Sy koms. Hulle geloof het vorentoe gekyk na Jesus se koms. Nuwe Testamentiese gelowiges leef egter na Sy koms – hulle kyk dus terug na Sy koms. Daarom was daar in die Ou Testament die ou verbond as instrument om God se ewige verbond te administreer: dit het 'n sigbare Levitiese priesterorde gehad met sigbare offers wat gebring moes word wat die Ou Testamentiese gelowige moes help om vorentoe te kyk. Maar toe Jesus gekom het aan die begin van die Nuwe Testament is hierdie ou verbondsadministrasie afgeskaf en vervang met die nuwe verbondsadministrasie. Daardie sigbare priesterdiens en offers is vervang met 'n beter Hoëpriester en 'n beter offer en dit word geadministreer met 'n beter verbond – maar die beginsels van God se ewige verbond staan steeds: Ou en Nuwe Testamentiese gelowiges word almal gered uit genade deur geloof in Jesus Christus.

Kom ons keer terug na Heb 11:40a. Wat is die “iets beters” wat God vir die Nuwe Testamentiese gelowiges bied? Dit is die nuwe verbond, die nuwe administrasie van God se ewige genadige verbond. In watter opsig is dit beter as die ou verbondsadministrasie? Want dit werk nie meer met sigbare en tasbare tipes van wat nog moet kom nie, nee, Jesus het gekom en ons kon Hom sien as die ware en ewige Hoëpriester en sien hoe Hy eenmalig die perfekte en effektiewe offer bring. Daarom kon al die skadubeelde en tipes van die ou verbondsadministrasie opgehef word – want die werklikheid het gerealiseer. Die werklikheid is tog beter as die tipes en skadubeelde.

Dus: Vers 39 sê die Ou Testamentiese gelowiges het geloof gehad – dit was geloof in die komende Verlosser. Hulle het lof ontvang, want God het aan hulle geregtigheid gegee omdat hulle geglo het – selfs al het Jesus nog nie gekom nie, het hulle Hom in die geloof gesien. Maar, ons as Nuwe Testamentiese gelowiges, is bevoorreg in die sin dat ons na Jesus se koms leef en is dus deel van iets beters – die nuwe verbondsadministrasie, sonder al die tipes en skadubeelde van die ou administrasie, want Jesus het intussen gekom.

Wat beteken dit dat hulle, die Ou Testamentiese gelowiges, nie sonder ons, die Nuwe Testamentiese gelowiges, volmaak gemaak sou word nie? (Heb 11:40b)

Die Hebreërskrywer sluit die hoofstuk af met die stelling in vers 40b dat “hulle (d.i. die Ou Testamentiese gelowiges) nie sonder ons (d.i. die Nuwe Testamentiese gelowiges) volmaak gemaak sou word nie”. Natuurlik is die doel van God se verlossingsplan om alle gelowiges volmaak te maak. Dink maar Judas:24 wat sê God het die mag om ons onberispelik en jubelend voor Sy heerlijkheid te stel. Die punt van vers 40b is egter dat die Ou Testamentiese gelowiges nie sonder ons, die Nuwe Testamentiese gelowiges, volmaak sal word nie.

Maar die Ou Testamentiese gelowiges het tog al almal gesterf – hulle het tog al duisende jare gelede gesterf. En het Jesus dan nie aan die misdadiger aan die kruis gesê dat hy “vandag”, d.w.s. op die dag van sy sterwe, by Jesus in die paradys, en dus in die hemel, sal wees nie. Is al die ware Ou Testamentiese gelowiges dan nie alreeds in die hemel nie? Die antwoord is: Ja, hulle is. Maar daar is 'n sekere sin waarin hulle nog nie volmaak is nie.

Voordat ons met die reeks preke uit Hebreërs begin het, het ek in 'n paar preke die onderwerp behandel oor wat met gelowiges gebeur wanneer hulle sterf. Die preke is op die blog beskikbaar. Ek som dit kortliks op.

Dit is so, dat as gelowiges sterf gaan hulle siele direk na die hemel. Hulle liggame bly egter agter en word op aarde begrawe. Hulle stryd teen sonde is dan verby. Omdat hulle gelowiges is, is hulle reeds deur geloof in Jesus Christus geregverdig. Hulle pad om te groei in heiligmaking is dan ook afgehandel. Hulle gaan in heerlijkheid in die hemel in. In Op 4 en 5 word Johannes opgeneem na die hemel. Onder andere sien hy daar rondom God se troon, 24 ander trone. Op hierdie 24 trone sit die 24 ouderlinge – hulle is die verteenwoordigers van die gelowiges uit die Ou en die Nuwe Testament. Hulle verwys na die twaalf stamme van Israel en die twaalf apostels. Die punt is: beide die Ou en die Nuwe Testamentiese gelowiges is daar. In Op 6:9-11 lees ons ook van die afgestorwe gelowiges in die hemel. Ons lees onder andere dat hulle wit klere dra – m.a.w. hulle is onberispelik skoon, daarom kan hulle in die hemel wees. Ons lees egter ook dat hulle nog 'n kort rukkie moet wag tot hulle medegelowiges wat ook nog moet sterf, ook daar is. Ons kan dus aflei: die Ou Testamentiese gelowiges en die Nuwe Testamentiese gelowiges wat al gesterf het, is almal in die hemel met wit klere aan (hulle is dus moreel skoon), en hulle wag 'n rukkie – hulle wag vir ons wat nog nie gesterf het nie. Hulle wag op die wederkoms.

Lees 1 Tes 4:15-17. Hier lees ons wat met die wederkoms gaan gebeur. Jesus gaan uit die hemel kom. Die mense wat reeds gesterf het en wie se siele reeds in die hemel is, hulle liggame gaan dan uit die grafte opstaan en met hulle siele verenig word. Die gelowiges wat op daardie dag nog steeds nie gesterf het nie, se liggame sal in 'n oogwink ook verander word – hulle sal ook 'n geestelike opstandingsliggaam ontvang (1 Kor 15:52). Daarna word hulle almal, d.i. die Ou Testamentiese gelowiges, die Nuwe Testamentiese gelowiges wat alreeds gesterf het sowel as die wat dan nog lewe, met hulle geestelike opstandingsliggame, in die wolke opgeneem om die Here in die lug te ontmoet, en altyd by die Here te wees. Hierna volg die finale oordeelsdag. Mat 25:31-32 vertel ons dat alle nasies voor die Seun van die Mens sal verskyn – dus ook die Ou Testamentiese en die Nuwe Testamentiese gelowiges (en natuurlik ook alle ongelowiges). Maar die Ou en die Nuwe Testamentiese gelowiges mag op daardie dag almal saam hoor: “Julle, geseëndes van my Vader, kom beërf die koninkryk, wat vir julle gereedgemaak is van die grondlegging van die wêreld af” (Mat 25:34). In Op 21:2-3 lees ons dan van die nuwe Jerusalem wat uit die hemel neerdaal – daardie stad waarna Abraham al verlang het met God as die argitek en boumeester (Heb 11:10). Hierdie Nuwe Jerusalem is die bruid van die Lam – d.i. die Ou en die Nuwe Testamentiese gelowiges saam. En dan weerklink daardie harde stem van die troon af wat sê: “Kyk, God se woonplek is by die mense. En Hy sal by hulle woon; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God” – maar dit was dan juis die belofte van God aan Abraham in Gen 15:7: “Ek sal My verbond tussen My en jou en jou nageslag na jou handhaaf, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou”!

Die punt is dit: Ja, die Ou Testamentiese gelowiges en die Nuwe Testamentiese gelowiges wat alreeds gesterf het, is reeds in die hemel. Ja, julle stryd teen die sonde is reeds verby. Ja, hulle het reeds wit klere aan. Maar hulle wag tot ons almal daar is – dan ontvang ons almal saam nuwe verheerlikte opstandingsliggame, dan beërf ons almal saam God se koninkryk, dan daal ons almal saam neer as die bruid, as die nuwe Jerusalem. Onthou jy Mat 8:11? Jesus sê: “Ek sê nou vir julle dat baie uit die ooste en die weste sal kom en saam met Abraham en Isak en Jakob aanleun om te eet in die koninkryk van die hemele”.

Ja, dit is so, die Ou Testamentiese gelowiges het onder die ou verbondsadministrasie geleef, en ons leef onder die nuwe verbondsadministrasie. Maar ons is almal deel van God se ewige verbond. Ons word almal uit genade deur geloof in die ware Hoëpriester gered, en ons gaan almal saam die koninkryk van God beërf. Wat 'n vooruitsig! Daarom kan ons so baie leer uit die voorbeelde van Ou Testamentiese gelowiges.